Entrepreneurshoekie:

Stuur gerus versoeke vir bekendstelling in na Colleen: admin@gksasolburg.co.za
So dikwels as wat ons kan maak ons plek daarvoor. Die doel is ook dat ons mekaar beter kan leer ken.

Semone Pienaar - 084 6426597: For all your Annique Rooibos Products or to become a Consultant.
Aileen Gouws (082 333 1333) pas graag jou huis en diere teen vergoeding op as jy met vakansie of naweek weg is! Ook:
"Sien jy die volgende in jou kind?

- aandag word maklik afgelei/vergeetagtigheid
- sukkel om instruksies deur te voer/huiswerk klaar te kry
- vroetel/kan nie stilsit op een plek nie/onrustigheid
- uitskree van antwoorde voordat vrae klaar gevra is/onderbreek ander as hulle praat
- ongeduldigheid/humeuragtigheid

Kontak my om inligting te verkry oor Biolink Attention Training Aileen 0823331333"
Annetjie van der Westhuizen (0795435627) help met spyseniering, onthale.
Alet Koekemoer (0767338019) voorbereiding van maaltye en heerlike soppe vir die winter.
Debbie v Schalkwyk (0825987090) verkoop Sekelbos en kameeldoring braaihout . Daar is ook Charcoal, Brikette, vuuraanstekers en speserye. Koop ook gerus by haar skoonmaakprodukte soos skottlegoedseep, waspoeier en algemene skoonmaakmiddels. Debbie kyk ook teen vergoeding na vakansiegangers se huise/versorg diere/gooi plante nat
Werner Roos (0834466395) doen installasie van lugversorgers, dienste en herstelwerk.
Calvin Kotzé (0766037914) skilder baie goed. Hy maak 'n skildery wat by u kleurskema inpas. Kontak hom gerus.
Freda Redelinghuys (0826595523) maak spookasem vir enige geleentheid en bak die heerlikste beskuit.

(Indien u u naam wil verwyder/byvoeg, kontak gerus ook vir Colleen)

VERJAARSDAE

01/19 Elsie Bezuidenhout (Belydend)	0828087629
01/25 Colleen Koekemoer (Belydend)	0169765094/ +0828554769
01/25 Deon Olivier (Belydend)	0169767889

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

19 Januarie 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK B
Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: GKSA Dankbaarheidsfonds

MEELEWING

- Johanna Grové (0823437490) het steeds las met lae bloeddruk;
- Nic van der Walt (0824864026) gaan binnekort vir mediese toetse vir sy lewer
- Frik Muller (0833265000) is die week in die hospitaal opgeneem agv verstopping van are
- Dan wens ons al die kinders wat met 'n nuwe graad of nuwe skool begin, baie sterkte toe. Ons bid saam dat julle goeie vriende en keuses sal maak.
- Baie geluk aan Nicky Koekemoer (0794961842) wat haar BSc: Mensgenetika graad behaal het.

Woordbediening

Ps. 16 (53 AV)
Kernverse: Ps. 16:9a, & 11b (53AV)

Tema: Ware vreugde is by die Here alleen!

A: <u>Waar kom die soeke na vreugde vandaan</u>?

1. Dit begin al by die sondeval.
    a. Voor die sondeval leef die mens in vreugde met God en met mekaar.
    b. Na die sondeval verander alles.
    c. Sedertdien soek elke mens na die versadigende, oorvloedige vreugde waarvoor God ons oorspronklik geskep het.

B: <u>Ons wanpersepsie oor vreugde</u>.

1. Ons dink baie keer ons sal ware vreugde beleef, as ons geen probleme of swaarkry beleef nie.
2. Dawid beleef versadiging van vreugde (v. 11), ten spyte van swaarkry en bekommernisse (v. 1 en 10).
3. Dawid het baie dinge in sy lewe beleef wat sy vreugde kon steel, ook toe hy hierdie psalm geskryf het.
4. Ons kan ook soos Dawid versadiging van vreugde beleef, ten spyte van swaarkry en teëspoed.

C: <u>Pasop vir valse vreugde</u>.

1. Die wat hulle vreugde soek by die afgode, vererger hulle smarte (v.4).
2. Dit is nie verkeerd om hartseer of vreugdeloos te wees nie, maar dit is wel belangrik waar jy in sulke omstandighede jou vreugde gaan soek.
3. Die mense het die afgode probeer manipuleer, om vreugde te vind.
4. Soms stort ons ook baie tyd, en geld en energie uit voor eietydse afgode, vir valse en kortstondige vreugde.

D: <u>Die pad na ware vreugde</u>!

1. Versadiging van vreugde is voor U aangesig. (v.11)
2. Dawid beleef m.a.w. versadiging van vreugde in ’n lewende verhouding met God.
3. Sy lewende verhouding met God word pragtig reg deur die psalm beskryf. (v. 1, 2, 5, 6, 7, 8)
4. Daarom is hy bly. (v. 9)
5. Die Here kan nie weggeneem word nie, soos ander bronne van vreugde.
6. Deur Jesus kon Dawid, en kan ook ons voor God se aangesig leef, in ’n lewende verhouding met Hom. (Joh. 14:6)
7. Die Heilige Gees werk die vreugde in ons. (Gal. 5:22)

DANKBAARHEIDSPROJEK

Baie dankie aan een en elkeen wat gedurende November en Desember ‘n bydrae gelewer het tot die dankbaarheidsfonds. ‘n Totaal van R12 150.00 is op hierdie manier ingesamel, en ons dank die Here daarvoor.

KATKISASIE

Die katkisasie het weer vanoggend afgeskop. Baie dankie byvoorbaat aan al die kategete wat bereid is om tyd af te staan in die Here se diens om ons gemeente se katkisante asook die jonges in die kinderkerk te leer en lei.

ADMIN

- ✓ Net weer ‘n herinnering. Elke Vrydag word hierdie Iets Nuuts per epos na gemeentelede gestuur wat dit eerder digitaal wil ontvang. Sou jy ook belangstel, stuur net ‘n epos na admin@gksasolburg.co.za met die woord “Iets Nuuts” in die onderwerp blokkie, dan voeg ons jou naam by die lys.
- ✓ Indien enige van persoonlike inligting verander het, bv tel nrs, adresse ens, stuur ook asb epos soos bo, met die veranderde besonderhede
- ✓ Daar is nog ‘n paar jaarprogramme beskikbaar teen R10. Kom kry gerus een in die konsistorie na die diens.
- ✓ <u>Neem kennis</u>: Ons begin hierdie jaar met ‘n nuwe finansiële rekenaarprogram. Die lidnommers van elke gemeentelid het dus nou verander, maar indien u debietorders nou reeds so by die bank is, is dit in orde. U kan inbetalings doen met u Voorletters en Van as verwysing of u van en geboortedatum. Hou ook in gedagte dat betalings ook nou gepos word op die maand wat dit inbetaal is, so as u dus 1 Des en weer 31 Des betaal, sal albei vir Desember gepos word.
- ✓ Indien u nog nie ‘n beloftevorm ontvang of ingedien het nie, kontak asb u ouderling in die verband, ten einde die begroting vir 2020 af te handel. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband!

GEESTELIKE FONDASIE DAGSEMINAAR

Maak solank ‘n knoop in die oor. SATERDAG 15 FEBRUARIE bied ons bg seminaar aan hier by die kerk. Dit loop hand aan hand met die Vlamvat proses waarmee ons op die oomblik besig is, en ons wil graag hê soveel as moontlik gemeentelede moet dit bywoon.